**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 20 FEBRUARIE 2022**

# SEWENDE SONDAG NA EPIFANIE

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Vir volgende week se loodsing van die GBO***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**2 Korintiërs 3:12–4:2; Eksodus 34:29-35**
**Psalm 99; Lukas 9:28-36, (37-43)**

| **SONDAG, 20 FEBRUARIE** | |
|---|---|
| | POSDAG |
| 09:00 | Oggenddiens in Kerk – Ds Hannes Burger<br>Nagmaal<br>Sinodale Deuroffer ten bate van: Gemeente-ondersteuningsfonds<br>Erediensspan 1 – Chris van Niekerk & 2 – Lorraine Louw |
| 09:00 | Kleuterkerk op verhoog |
| 09:00 | Kinderkerk in konsistorie |
| **Geen** | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |
| **MAANDAG, 21 FEBRUARIE** | |
| 18:30 | Kooroefening |
| 19:30 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:30 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 22 FEBRUARIE** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 23 FEBRUARIE** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| 18:00 | Vrouelidmate kommissie vergadering in Moederskamer |
| 19:00 | Jeugkommissie vergadering soos gereël |

| **DONDERDAG, 24 FEBRUARIE** | |
|---|---|
| 09:00 | Kuilsrivier Dienssentrum Moedergemeente Kerksaal: Vrugtefees<br>Sopbeurte: Othello – Lida Visser |
| 19:00 | Gemeentebedieningskommissie & Blokleiers vergadering in konsistorie |
| **VRYDAG, 25 FEBRUARIE** | |
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms in Moederskamer – Almal welkom |
| **SATERDAG, 26 FEBRUARIE** | |
| | |
| **SONDAG, 27 FEBRUARIE** | |
| | AGTSTE SONDAG NA EPIFANIE<br>**GETUIENISSONDAG**<br>DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens in Kerk<br>Sinodale Deuroffer ten bate van: Missie Japan<br>Erediensspan 3 – Elsa Welman |
| 09:00 | Kleuterkerk op verhoog |
| 09:00 | Kinderkerk in konsistorie |
| **Geen** | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |

# OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiginge) kan jy in die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

# EREDIENSTE

In terme van die vlak 1 inperkingsmaatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 1000. Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450.
Die kerkraad het besluit dat lidmate nie meer hoef plekke te bespreek vir die bywoning van eredienste nie. Monitering sal steeds by die deure gedoen word.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**GEMEENTEONDERSTEUNINGSFONDS**

Die Gemeentehulpfonds verleen ondersteuning aan gemeentes wat finansiële probleme ondervind. Die fonds is bedoel om die geestelike bediening in stand te hou en nie vir kapitale werke of instandhouding van fisiese fasiliteite nie.

Die Saakgelastigde (Stephan Pretorius) | 021 957 7104 |
stephan.pretorius@kaapkerk.co.za
Webwerf: https://www.kaapkerkadmin.co.za/#sa

# KERKKOOR

Om sovéél moontlik persone te betrek by ons Kerkkoor, is besluit om die kerkkoor oefeninge voortaan om 18:30 op 'n Maandagaand te hou.  Ons sal baie bly wees om 'n paar nuwe stemme te verwelkom!

# GEMEENTENUUS

1. Welkom aan Rasmus Petrus De Beer (Brackenfell) wie se lidmaatskap ontvang is vanaf Hervormde kerk Bellville gemeente.
2. Marieta Oliver (Zevenzicht) ondergaan in die komende week ‘n operasie.



# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

20/02 Whileen Galvin, Elize Smith
21/02 Jaco Groenewald, Riaan Wassüng, Mynhardt Kitshoff
22/02 Pauline Roelofse, Iain van Schalkwyk, Roux Rossouw, Jezelle Bester
23/02 Gillian van der Merwe, Gideon Saayman, André van der Merwe
24/02 Johretha Seifert, Leah Boshoff, Björn Deutschmann, Lisbé Swart, Jané Verster, René van der Walt, Mia Visser, Riekie Nel, Nerine Burger
25/02 Clarence Visser, Lizca Fölscher, Johannes Gouws
26/02 **Carina Barnardo**, Christeen van Zyl,Leanke en Liam Hanekom, Francois Vermaak, Ella Johannes




# DROP & GO

Baie dankie vir almal se gereelde bydraes wat ons ontvang. Ons voorrade lyk tans goed. Deels te danke aan kontant bydraes wat ons ontvang het en ons kon nou spesifiek voorrade koop soos wat nodig was.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie
Cedric en Piet



# KLANK EN POWER POINT HELPERS

Ons is dringend op soek na lidmate wat tydens die eredienste behulpsaam kan wees met die klank en power point funksies.

Rekenaarvaardigheid is belangrik. Opleiding sal verskaf word.

Skakel gerus met die kerkkantoor as jy op hierdie praktiese manier betrokke wil raak by De Eike se werksaamhede.

# EREDIENSWERKERS BENODIG

Ons doen 'n dringende beroep op lidmate om betrokke te raak by die werksaamhede van die erediens as eredienswerkers. Tans is daar slegs 'n handjievol helpers wat elke Sondag help. Meer helpers beteken minder gereelde diensbeurte.
Wat doen eredienswerkers tans?

- Help met monitering van kerkgangers voor die erediens.
- Help met kollekte opneem na afloop van die erediens.

Wat doen eredienswerkers nie?

- Is nie deel van kerkraad nie.
- Hoef geen vergaderings by te woon nie.

Kontak een van die spanleiers (Chris van Niekerk, Lorraine Louw, Elsa Welman) of die kerkkantoor as jy bereid is om betrokke te raak.

# BASAAR – 28 MEI 2022

Alhoewel dit nog baie vroeg in die jaar is, het ons reeds begin om ons vere reg te skud vir vanjaar se basaar. Dit is noodsaaklik dat ons konvenors het vir elke "aktiwiteit" by die basaar. Die goeie nuus is dat die meeste konvenors van ons vorige "groot" basaar in 2019 ingestem het om weer as konvenor op te tree. Baie dankie aan hulle! Ons sal mettertyd die verskillende aktiwiteite of "tafels" en wie die konvenors is, op die aankondiginge plaas.

Ongelukkig is nie al die konvenors van vorige jare vanjaar weer beskikbaar nie. Ons kort nog konvenors vir die volgende tafels of aktiwiteite: afval, jaffles(boepensbroodjies), grootkoeke, "Dit en Dat", skuinskoek en poeding. Gaan dink en bid asseblief hieroor en hoor of die Here van jou vra om by een van hierdie tafels leiding te neem. Indien wel, kan jy jou naam vir die kerkkantoor of ds. Johan Morkel deurgee. Baie dankie!

Konvenorvergadering: Dinsdag 1 Maart 2022, 19:00 – 20:00 in die konsistorie.

Johan Morkel
0833988345

# PREEKSKETS



**TEMA - DIE VERHAAL VAN GOD SE SORG**

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Rut 1: 1-18

1. **Naomi kom as Mara terug...**
   - Sy noem haarself Mara - "die Een vir wie die lewe bitter is..."
   - "My lewe was vol toe ek hier weg is, maar die Here het my leeg laat terugkom" (1:21)
   - Haar man en seuns moes sy agterlaat in Moab.
   - En so draai sy terug na Betlehem, die toekomstige stad van Dawid...
   - Maar Naomi verstaan nie. "Die Here het teen my gedraai" sê sy (1:13).
   - En al wie sy by haar het, is die skoondogter wat nie wou omdraai nie.

2. **Dis soms moeiliker om die groter prentjie te sien**.
   - As jy die NT begin lees, kom jy agter God het 'n plan gehad met Rut.
   - Hierdie Moabitiese vrou moes die voorvader van Dawid, en daarom van Jesus wees.
   - Maar daarvoor moes sy saam met Naomi uit Moab terugkeer na Betlehem toe.
   - Daarom draai Rut nie terug na Moab en sy gode nie. Sy het die ware God leer ken.
   - Maar by Betlehem sou sy Hom selfs nog beter leer ken.

3. **Rut vind 'n losser...**
   - "Toevallig" ontdek Rut 'n familielid wat vir haar as losser sou kon optree.
   - Daar ontwikkel 'n verhouding tussen hulle, wat later lei tot 'n troue...
   - En so word Rut oumagrootjie van Dawid en voorouer van Jesus as mens.

4. **Wat leen ons uit hierdie verhaal?**
   - Baie oor die gebruike en die reg van daardie tyd!
   - Maar veral ook baie oor God.
   - Ons dien 'n God wat uitkoms gee vir hulle wat Hom dien.
   - En dis ook waarvan die tekens van die Nagmaal getuig...